Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

26 April 2022
Nuusbrief No 14

Liewe Ouers,
Die koue is hierdie jaar vroeg op ons en ons vra dat u maar 'n warm truitjie of baadjie vir ingeval in die laaitjies sal los... Soms kry tot die "Tawwe Tienies" koud en benodig dan iets warms.

Mandjiemark:

- Onthou asseblief om op die lyste by die klasse in te vul watter items u bereid is om te skenk vir die Mandjiemark.
- U het kans tot **4 Mei** om items volgens die tema, by te dra.

Mobile Zoo Instappie: Donderdag 5 Mei 2022: Gr 00, Gr 000 & 2–3 jariges:

- Die Mobile Zoo besoek al die Parkieland-kleuters op **5 Mei 2022** en bring allerhande interessante diere saam om ons kinders te onderrig... én te vermaak!
- Trek asseblief **Parkieland t-hemde aan** vir die instappie. Indien dit koud is kan kleuters 'n lang hempie onder hul Parkiehempies aantrek.
- Indien u toestemming verleen dat u kind hieraan mag deelneem kan u 'n elektroniese inbetaling maak, of die D6 App gebruik. Stuur asseblief die bewys van betaling van R50 vir die klasonderwyseres.
- **Die projeknommer vir hierdie instappie is P742. Gebruik dit asseblief saam met die familiekode asook u kind se naam as verwysing.**
- **Bewys van betalings moet asseblief nie later as Dinsdag 3 Mei 2022 ingehandig word nie.**
- Toestemmingsbriefies was verlede week uitgedeel. Vra asseblief indien u nog een benodig.

Gedagte vir die week:
Spreuke 22:6
"Leer 'n jongmens om die regte pad te kies, en wanneer hy eendag oud is, sal hy nie daarvan afwyk nie."

♥ BY ♥ PARKIELAND ♥ LEER ♥ ONS ♥ REG ♥ KIES ♥
Geniet die vakansiedag môre!



Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

DIE REGTE KEUSES

Die Engelsman sê: "Pick your battles" wanneer dit by jou kind kom. Sommige van hierdie uitdagings is dié wat wel aangepak moet word:

- ✓ Ons moet vir hulle eenvoudige take gee soos om op te ruim.
- ✓ Maaltye moet as 'n gesin saam geniet word.
- ✓ Kinders moet tye van "verveeldheid" beleef sodat hul planne kan formuleer en hul verbeelding kan ontwikkel.
- ✓ Hulle moet dinge vir hulself doen om selfbeeld te ontwikkel. 'n Kind wat met selfvertroue keuses kan maak, is gewoonlik meer selfstandig as ander kinders.
- ✓ Kinders moet leer dat alle keuses 'n oorsaak en gevolg het waarvan die uiteinde goed of sleg kan wees.
- ✓ Ouers se voorbeeld leer kinders hoe om besluite te neem.
- ✓ Veral tussen ouderdom 4 en 6 begin kinders die manier vaslê waarop keuses gemaak word.
- ✓ Daar moet duidelike grense wees waarbinne kinders kan keuses maak.
- ✓ Onthou net: die ouer moet altyd die verantwoordelikheid dra: die kind kan kies met watter kleur waslap hy wil bad, nie of hy wel wil bad of nie.

Voor jy 'n keuse maak, vra jouself:

Is dit veilig?

Is dit respekvol?

Is dit gaaf?